



VOL. CLXXXIX.]

PRICE 5c.

PRETORIA,

1 APRIL  
1 APRIL

1964.

PRYS 5c.

[No. 3084.

## CONTENTS ON BACK PAGES.

## INHOUD AGTERIN.

No. 59 (Administrator's), 1964.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas Randfontein Town-planning Scheme No. 1, 1948, of the Town Council of Randfontein was approved by Proclamation No. 288 of 1948, in terms of section *forty-three* of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *forty-six* of the said Ordinance, I hereby declare that Randfontein Town-planning Scheme No. 1, 1948, of the Town Council of Randfontein is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map No. 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Town Clerk, Randfontein; this amendment is known as Randfontein Town-planning Scheme No. 1/9.

Given under my Hand at Pretoria on this Tenth day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

F. H. ODENDAAL,  
Administrator of the Province of Transvaal.  
T.A.D. 5/2/52/9.

No. 60 (Administrator's), 1964.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

By virtue of the powers vested in me by section *six* of the Fisheries Consolidation Ordinance, 1949 (Ordinance No. 26 of 1949), I hereby amend Schedule A of Proclamation No. 183 of 1957, by—

(a) the addition of the following item after item 21:—

“22. The Mac-mac Spruit with its tributaries, from its source to the waterfall on the farm Geelhoutboom No. 565—K.T., Pilgrim’s Rest District.”; and

(b) the addition of the following item after item 27:—

“28. The Waterval Spruit with its tributaries, from its source to its confluence with the Blyde River on the farm Ledovine No. 507—K.T., Pilgrim’s Rest District.”

Given under my Hand at Pretoria on this Eighteenth of March, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

F. H. ODENDAAL,  
Administrator of the Province of Transvaal.

No. 61 (Administrator's), 1964.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas, in terms of sub-section (1) of section *seven* of the Advertising on Roads and Ribbon Development Act, 1940 (Act No. 21 of 1940), as amended, the Administrator is empowered to proclaim any public road or any section of a public road to be a building restriction road;

24—5080199

No. 59 (Administrators-), 1964.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal Randfontein-dorpsaanlegskema No. 1, 1948, van die Stadsraad van Randfontein by Proklamasie No. 288 van 1948, ingevolge artikel *drie-en-veertig* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig:

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by artikel *ses-en-veertig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Randfontein-dorpsaanlegskema No. 1, 1948, van die Stadsraad van Randfontein hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklusules en op Kaart No. 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Stadsklerk, Randfontein; hierdie wysiging staan bekend as Randfontein-dorpsaanlegskema No. 1/9.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Tiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
T.A.D. 5/2/52/9.

No. 60 (Administrators-), 1964.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens die bevoegdhede wat by artikel *ses* van die Samevattende Ordonnansie, op Visserye, 1949 (Ordonnansie No. 26 van 1949), aan my verleen is, wysig ek hierby Proklamasie No. 183 van 1957 deur in Bylae A—

(a) na item 21 die volgende item by te voeg:—

„22. Die Mac-macspruit met sy takstrome, van sy oorsprong tot by die waterval op die plaas Geelhoutboom No. 565—K.T.; distrik Pelgrimsrus.”; en

(b) na item 27 die volgende item by te voeg:—

„28. Die Watervalspruit met sy takstrome, van sy oorsprong tot by sy aansluiting by die Blyderivier op die plaas Ledovine No. 507—K.T., distrik Pelgrimsrus.”.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Agtiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.

No. 61 (Administrators-), 1964.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal magtiging aan die Administrateur by sub-artikel (1) van artikel *sewe* van die Wet op Adverteer langs en Toebou van Paaie, 1940 (Wet No. 21 van 1940), soos gewysig, verleen word om enige openbare pad of enige gedeelte van 'n openbare pad tot 'n boubeperkingspad te verklaar;

Now, therefore, under the powers vested in me, I do hereby declare that the road appearing in the subjoined Schedule, shall as from the date hereof be a building restriction road in accordance with the said sub-section of section seven of the aforementioned Act.

Given under my Hand at Pretoria on this Nineteenth day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-four.

F. H. ODENDAAL,  
Administrator of the Province of Transvaal.  
D.P. 01-012-23/22/980.

### SCHEDULE.

District Road.	Description.	Status.
No. 980..	From its junction with Provincial Road P. 76-1 at a point on the south-eastern corner of Portion A of the farm Klipfontein No. 268—J.R., which is also the north-eastern corner of the farm Rosslyn No. 274—J.R., thence in a general westerly direction over a portion of the combined boundary of the above-mentioned farms, and over the farm Kafferskraal No. 308—J.R., to the Pretoria-Brits district border on the western boundary of the farm Uitvalgrond No. 434—J.R., District of Pretoria	Public road in terms of paragraph (2) of sub-section(xiii) of section one of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

### ADMINISTRATOR'S NOTICES.

Administrator's Notice No. 242.] [1 April 1964.  
ROAD TRAFFIC REGULATIONS.—AMENDMENT OF.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and sixty-two of the Road Traffic Ordinance, 1957 (Ordinance No. 18 of 1957), amends the Road Traffic Regulations promulgated under Administrator's Notice No. 282 of the 30th April, 1958, and as amended from time to time, as set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE.

1. The following heading is hereby substituted for the heading of Chapter IV:—

"Retro-Reflectors and Reflectors."

2. The following new regulation is hereby inserted after regulation 61:—

"Warning Sign on Back of Certain Motor Vehicles.

61 bis. (1) For the purposes of this regulation—

(a) the expression 'motor vehicle' shall not include a motor vehicle propelled by electrical power derived from overhead wires, a motor-car, motor tricycle, motor cycle, tractor, panel van or light delivery vehicle;

(b) 'reflective material' means reflective material which under all circumstances is capable of reflecting light.

(2) This regulation shall only apply when and where lights are to be displayed on motor vehicles in terms of Chapter III.

(3) No person shall operate a motor vehicle on a public road unless there is displayed on the back of such motor vehicle a warning sign complying with the provisions of sub-regulation (4).

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid aan my verleen, hierby verklaar dat die pad genoem in die bygaande Bylae met ingang van die datum hiervan, 'n Boubeperkingspad is ooreenkomsdig die bepalings van genoemde subartikel van artikel sewé van genoemde Wet.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negen-tiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Vier-en-sestig.

F. H. ODENDAAL,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
D.P. 01-012-23/22/980.

### BYLAE.

Distrikspad.	Beskrywing.	Status.
No. 980..	Van die aansluiting daarvan by Proviniale Pad P. 76-1 by 'n punt op die suidoostelike hoek van Gedeelte A van die plaas Klipfontein No. 268—J.R., wat ook die noordoostelike hoek van die plaas Rosslyn No. 274—J.R. vorm, daarvandaan in 'n algemene westelike rigting gedeeltelik oor die gesamentlike grens van genoemde plase en oor die plaas Kafferskraal No. 308—J.R. tot by die Pretoria-Brits-distriksgrens op die westelike grens van die plaas Uitvalgrond No. 434—J.R., distrik Pretoria	Openbare pad ingevolge die bepalings van paragraaf (2) van subartikel (xiii) van artikel een van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957).

### ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Administrateurskennisgiving No. 242.] [1 April 1964.  
PADVERKEERSREGULASIES.—WYSIGING VAN.

Die Administrateur wysig hierby ingevolge artikel honderd twee-en-sestig van die Padverkeersordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 18 van 1957), die Padverkeersregulasies afgekondig by Administrateurskennisgiving No. 282 van 30 April 1958, en soos van tyd tot tyd gewysig, soos in die Bylae hierby uiteengesit.

### BYLAE.

1. Die opskrif van Hoofstuk IV word hierby deur die volgende opskrif vervang:—

"Truakaatsers en Weerkaatser."

2. Die volgende nuwe regulasie word hierby na reg 61 ingevoeg:—

"Waarskuwingsteken agteraan sekere motorve-

61 bis. (1) Vir die doeleinnes van hierdie regu-

sie—

(a) sluit die uitdrukking 'motorvoertuig' nie 'n motorvoertuig aangedryf deur elektriese krag verkry van lugrade, 'n motorkar, motordriewiel, motorfiets, trekker, paneelwa of ligte afleweringswa in nie;

(b) beteken 'weerkaatsmateriaal' weerkaatsmateriaal wat onder alle omstandighede in staat is om lig te weerkaats.

(2) Hierdie regulasie is slegs van toepassing wan-neer en waar lige kragtens Hoofstuk III aan motorvoertuie vertoon moet word.

(3) Niemand mag 'n motorvoertuig op 'n openbare pad gebruik nie tensy daar agteraan sodanige motorvoertuig 'n waarskuwingsteken vertoon word wat voldoen aan die bepalings van subregulasie (4).

(4) The warning sign referred to in sub-regulation (3) shall consist of either—

(a) alternate diagonal strips of red reflective and yellow non-reflective material in the form of a chevron pattern as illustrated in Diagram A hereto and in accordance with the following dimensions:—

Vertical dimension—not less than eight inches;

width of strips of red reflective material—not less than two or more than three inches; and

width of strips of yellow non-reflective material—not less than four or more than five inches; or

(b) a sign consisting of red retro-reflectors in the pattern as illustrated in Diagram B hereto which may include the red retro-reflectors referred to in regulation 57.

DIAGRAM A.




DIAGRAM B.




DIAGRAM A.

(4) Die waarskuwingsteken in subregulasie (3) genoem moet bestaan uit, of—

(a) alternatiewe diagonale stroke rooi weerkaatsmateriaal en geel nie-weerkaatsmateriaal in die vorm van 'n chevronpatroon soos in Diagram A hierby geillustreer en in ooreenstemming met die volgende afmetings:—

Vertikale afmeting—nie minder as agt duim nie;


breedte van stroke rooi weerkaatsmateriaal—nie minder as twee of meer as drie duim nie; en

breedte van stroke geel nie-weerkaatsmateriaal—nie minder as vier of meer as vyf duim nie; of

(b) 'n teken bestaande uit rooi trukaatsers in die patroon soos in Diagram B hierby geillustreer wat die rooi trukaatsers in regulasie 57 genoem, mag insluit.

DIAGRAM A.

DIAGRAM B.



(5) Every warning sign required to be displayed on a motor vehicle in terms of this regulation shall—

(a) be in an upright position or within 15° of such position and face squarely to the back;

(b) be so placed that the lower edge thereof is not more than forty-two inches above ground level: Provided that if, owing to the structure of the vehicle, it is impossible to fit the warning sign at the prescribed height, it shall be fitted as near as possible to such height;

(c) extend horizontally for such distance as is necessary to indicate the overall width of the vehicle to which it is fitted to within sixteen inches on either side; and

(d) be unobscured and clean.

(7) In the case of a combination of motor vehicles it shall be a sufficient compliance with this regulation if, on the rearmost vehicle, there is displayed a warning sign referred to in sub-regulation (3).

(8) This regulation shall come into operation on the first day of January, 1965."

(5) Elke waarskuwingsteken wat ingevolge hierdie regulasie aan 'n motorvoertuig vertoon moet word, moet—

(a) in 'n regop posisie of binne 15° daarvan wees en reguit na agter front;

(b) so geplaas wees dat die onderste rand daarvan nie meer as twee-en-veertig duim van grondhoogte af is nie: Met dien verstande dat as dit weens die bou van die voertuig onmoontlik is om die waarskuwingsteken op die voorgeskrewe hoogte aan te bring, dit so na as moontlik aan sodanige hoogte aangebring moet word;

(c) vir sodanige distansie horisontaal strek as wat nodig is om die algehele breedte van die voertuig waaraan dit aangebring is tot binne sestien duim aan elke kant aan te dui; en

(d) skoon en onbelemmerd wees.

(7) In die geval van 'n kombinasie van motorvoertuie word daar aan hierdie regulasie voldoen indien daar aan die agterste voertuig 'n waarskuwingsteken soos genoem in subregulasie (3) vertoon word.

(8) Hierdie regulasie tree in werking op die eerste dag van Januarie 1965."

Administrator's Notice No. 243.]

[1 April 1964.

## PIET RETIEF MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO TOWN LANDS BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

Amend the Town Lands By-laws of the Piet Retief Municipality, published under Administrator's Notice No. 487, dated the 22nd June, 1960, as amended, as follows:—

## 1. By the insertion of the following after section 8:—

“*8 bis.* Notwithstanding anything to the contrary contained in the provisions of these by-laws, the Council may, at its discretion, subject to the provisions of sub-sections (2) up to and including sub-section (6) of section 3, allow two horses per registered member of horse riding clubs approved by the Council on the townlands set aside by notice.”

## 2. By the insertion after item (d) of Annexure A of the following:—

“(e) For every horse in terms of the provisions of section *8 bis*: 10c.”

T.A.L.G. 5/95/25.

Administrator's Notice No. 245.]

[1 April 1964.

## AMENDMENT TO THE REGULATIONS RELATING TO THE LENDING OF PROVINCIAL HOSPITAL EQUIPMENT IN TERMS OF THE HOSPITALS ORDINANCE, 1958 (ORDINANCE NO. 14 OF 1958).

The Administrator, in terms of section *seventy-six* of the Hospitals Ordinance, 1958 (Ordinance No. 14 of 1958), hereby amends the Regulations relating to the Lending of Hospital Equipment in terms of the Hospitals Ordinance, 1958 (Ordinance No. 14 of 1958), published under Administrator's Notice No. 647, dated the 29th August, 1958, as set forth in the Schedule hereto.

## SCHEDULE.

## REGULATIONS RELATING TO THE LENDING OF PROVINCIAL HOSPITAL EQUIPMENT IN TERMS OF THE HOSPITALS ORDINANCE, 1958 (ORDINANCE NO. 14 OF 1958).

Regulation 3 of the above-mentioned regulations is amended by the substitution for the full stop at the end thereof of a colon and the addition thereto of the following:—

“Provided that where the superintendent of the relevant hospital is satisfied that the borrower has neither theforesaid cash deposit nor a guarantee available, he may lend the item of equipment to the borrower without payment of the cash deposit or the furnishing of a guarantee.”

TH. 17/340/15.

Administrator's Notice No. 244.]

[1 April 1964.

## OPENING.—PUBLIC MAIN ROAD, DISTRICT OF BALFOUR.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of sections *five* (1) (b) and (c) and section *five* (2) (b) and section *three* of the Roads Ordinance, No. 22 of 1957, that a public road with varying widths and the necessary widening at the proposed intersections and certain service roads shall exist within the Municipality of Balfour and farms Rietfontein No. 561—I.R. and Vlakfontein No. 558—I.R., as indicated on the sketch plan subjoined hereto:

D.P.H. 02-23/20/4/T3-10, Vol. IV.

Administrateurskennisgewing No. 243.] [1 April 1964.  
MUNISIPALITEIT PIET RETIEF.—WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE DORPSGRONDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Dorpsgronde van die Munisipaliteit Piet Retief, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 487 van 22 Junie 1960, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

## 1. Deur die volgende na artikel 8 in te voeg:—

“*8 bis.* Neteenstaande andersluidende bepalings van hierdie verordeninge mag die Raad na goeddunke, onderworpe aan die bepalings van subartikels (2) tot en met (6) van artikel 3, hoogstens twee stuks perde per geregistreerde klubid ten opsigte van goedgekeurde perdryklubs toelaat op gedeeltes van die dorpsgronde bepaal by kennisgewing.”

## 2. Deur die volgende na item (d) van Aanhangsel A in te voeg:—

“(e) Vir elke perd ingevolge die bepalings van artikel *8 bis*: 10c.”

T.A.L.G. 5/95/25.

Administrateurskennisgewing No. 245.] [1 April 1964.  
WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE LEEN VAN PROVINSIALE HOSPITAALTOERUSTING INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP HOSPITALE, 1958 (ORDONNANSIE NO. 14 VAN 1958).

Ingevolge die bepalings van artikel *ses-en-sewintig* van die Ordonnansie op Hospitale, 1958 (Ordonnansie No. 14 van 1958), wysig die Administrateur hierby die Regulasies Betreffende die Leen van Proviniale Hospitaaltoerusting ingevolge die Ordonnansie op Hospitale, 1958 (Ordonnansie No. 14 van 1958), aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 647 van 29 Augustus 1958, soos uiteengesit in die Bylae hierby.

## BYLAE.

## REGULASIES BETREFFENDE DIE LEEN VAN PROVINSIALE HOSPITAALTOERUSTING INGEVOLGE DIE ORDONNANSIE OP HOSPITALE, 1958 (ORDONNANSIE NO. 14 VAN 1958).

Regulasie 3 van bogenoemde regulasies word hierby gewysig deur die punt aan die end daarvan deur 'n dubbelpunt te vervang en deur die volgende daaraan toe te voeg:—


“Met dien verstande dat waar die superintendent van 'n betrokke hospitaal oortuig is dat die lener nie oor die kontantdeposito of waarborg soos voornmel beskik nie, hy die toerustingsitem aan die lener kan leen sonder die betaling van die kontantdeposito of die verstrekking van 'n waarborg.”

TH. 17/340/15.

Administrateurskennisgewing No. 244.] [1 April 1964.  
OPENING.—OPENBARE GROOTPAD, DISTRIK BALFOUR.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ingevolge paragrawe (b) en (c) van subartikel (1) en paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel *vijf* en artikel *drie* van die Padordonnansie, No. 22 van 1957, goedkeuring verleen het dat 'n openbare grootpad met afwisselende breedtes en die nodige verbredings by die voorgestelde aansluitings en sekere dienspaaie, sal bestaan in die Munisipaliteit van Balfour en oor plase Rietfontein No. 561—I.R. en Vlakfontein No. 558—I.R., distrik Balfour, soos aangetoon op 'bygaande sketsplan.'

D.P.H. 02-23/20/4/T3-10, Deel IV.



D.P.H. 02-23/20/4/T3-10 VOL II

VERWYSINGREFERENCE

PAD GEOPEN

ROAD OPENED

BESTAANDE PAAIE

EXISTING ROADS

Administrator's Notice No. 246.]

[1 April 1964.]

WATERVAL BOVEN HEALTH COMMITTEE.—  
AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of sub-section (3) of section *one hundred and sixty-four* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section *one hundred and twenty-six* of the said Ordinance.

Amend the Drainage and Plumbing Regulations of the Waterval Boven Health Committee, published under Administrator's Notice No. 106, dated the 13th February, 1963, as follows:

1. By the addition of the following at the end of the regulations:

## “SCHEDULE A.

## PART I.

## APPLICATION FEES.

1. The fees set out in Part II of this Schedule shall be payable in terms of sub-regulation (1) of regulation 11 in respect of every application made under regulation 6, and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of regulation 6 in accordance with Part II, or in any special case as nearly as may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed by regulation 4.

Administratorskennisgewing No. 246.]

[1 April 1964.]

GESENDHEIDSKOMITEE VAN WATERVAL BOVEN.—WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSREGULASIES.

Die Administrator publiseer hierby, ingevolge subartikel (3) van artikel *honderd vier-en-sesig* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *honderd ses-en-twintig* van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Riolerings- en Loodgietersregulasies van die Gesondheidskomitee van Waterval Boven, afgekondig by Administratorskennisgewing No. 106 van 13 Februarie 1963, word hierby verder as volg gewysig:

1. Deur die volgende aan die end van die regulasies toe te voeg:

## .. BYLAE A.

## DEEL I.

## AANSOEKGELDEL.

1. Die gelde wat in Deel II van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge subregulasié (1) van regulasié 11 betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge regulasié 6 ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

2. Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge regulasié 6 ontvang word, ooreenkomsdig Deel II of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomsdig genoemde Deel II bereken: Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl kan aanteken op die wyse wat by regulasié 4 voorgeskryf word.

**PART II.**

	R
1. The minimum fee payable in respect of any application as aforesaid shall be.....	2.00
2. Subject to the obligation to pay a minimum fee as prescribed in item 1, the fees payable in respect of any application as aforesaid shall be the following:	
(1) For every 500 or part of that number of square feet of the floor area of the basement and groundfloor storeys of any building to be served by, or the use of which will, whether directly or indirectly, be associated with the use of, the drainage installation.....	1.00
(2) For every 500 or part of that number of square feet of the floor area of all other storeys of a building as described in sub-item (1).....	0.50
3. The fees payable in respect of any application for an alteration, not amounting to a reconstruction, of, or for additions to, an existing drainage installation shall be the following:-	
For each storey of a building as described in sub-item (1) of item 2.....	2.00
4. The fees payable in respect of every application made in terms of sub-regulation (2) of regulation 8 shall be....	2.00

**SCHEDULE B.****PART I.****GENERAL RULES REGARDING CHARGES.**

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of regulation 10 be payable in respect of the Committee's sewers and sewage-purification works; and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.

2.. The expression 'half-year' in this Schedule means the period of six months beginning on the 1st January or the 1st July, as the case may be, and the charges accruing during and in respect of each such half-year shall become due and payable on the same date as the general rate assessed in respect of that half-year: Provided that the charges imposed in terms of Part IV of this Schedule shall be payable half-yearly in arrear.

3. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Committee to determine the charges to be made under this Schedule fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice, in writing, he shall pay such charges as the Committee shall assess on the best information available to it.

4. In all cases of dispute as to the part or category of this Schedule which is applicable, or as to the date from which any part or category is applicable, to any premises the decision of the engineer shall be decisive subject to a right in the owner to appeal against his decision to the committee of the Committee appointed to administer these regulations.

5. In the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in Parts III, IV, V and VI shall come into operation on the date on which the Committee requires that a connection shall be made to a sewer or from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earlier.

6. Where any building is partially occupied before completion charges shall be levied in respect of it at half the rates appropriate to it in terms of Part III of this Schedule for a period of three calendar months after the date of the first occupation after which the said charges shall be paid in the full amount of the said rate.

7. The charges imposed under Parts III, IV and V of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in course of demolition until the date on which the Committee is asked to seal the opening to the Committee's sewer.

**DEEL II.**

	R
1. Die minimum bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van enige aansoek soos voornoem, bedra.....	2.00
2. Behoudens die verpligting om 'n minimum bedrag soos voorgeskryf by item 1, te betaal, is die volgende gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voornoem:-	
(1) Vir iedere 500 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien gaan word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks sal saamgaan met die gebruik van die perseelrioolstelsel.....	1.00
(2) Vir iedere 500 vierkante voet, of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van alle ander verdiepings van 'n gebou, soos dit by subitem (1) omskryf word.....	0.50
3. Die volgende gelde is betaalbaar ten opsigte van enige aansoek om 'n bestaande perseelrioolstelsel te kan verbou (uitgesonderd die herbouing daarvan), of om aanbouingswerk daaraan te kan verrig:-	
Vir iedere verdieping van 'n gebou, soos dit by subitem (1) van item 2 omskryf word.....	2.00
4. Die volgende bedrag is betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge subregulasie (2) van regulasie 8 ingedien word.....	2.00

**BYLAE B.****DEEL I.****DIE ALGEMENE REËLS BETREFFENDE GELDE.**

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge die bepalings van regulasie 10 ten opsigte van die Komitee se straatrole en riolervuilwerke betaalbaar, en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.

2. Waar die woord 'halfjaar' in hierdie Bylae voorkom, beteken dit die tydperk van ses maande wat op 1 Januarie of op 1 Julie, na gelang van die geval, begin, en die gelde wat gedurende en ten opsigte van iedere sodanige halfjaar oploop, is verskuldig en betaalbaar op dieselfde datum as die algemene eiendomsbelasting vir dié halfjaar: Met dien verstande dat die gelde wat ingevolge Deel IV van hierdie Bylae gehef word, halfjaarliks agteruit betaal moet word.

3. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of ander inligting te verstrek wat die Komitee nodig het om die gelde ingevolge hierdie Bylae te kan bereken, en wat versium om dit te doen binne 30 dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Komitee met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

4. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is, of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is, op enige perseel, is die beslissing van die ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval by die komitee van die Komitee wat met die administrasie van hierdie regulasies belas is, teen sy beslissing appèl kan aanteken.

5. In die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatrol verbind is nie, word die gelde wat by Dele III, IV, V en VI gehef word van krag op die datum waarop 'n perseel in opdrag van die Komitee met 'n straatrol verbind moet word, of waarop die perseel inderdaad met 'n straatrol verbind word, watter datum ook al die vroegste is.

6. Indien 'n gebou gedeeltelik geokkupeer word voor dat dit voltooi is, word die helfte van die gelde wat ingevolge Deel III van hierdie Bylae daarop van toepassing is, vir 'n tydperk van drie kalendermaande van die datum af waarop dit die eerste geokkupeer is, gehef, maar daarna moet genoemde gelde ten volle betaal word.

7. Die gelde wat by Dele III, IV en V van hierdie Bylae gehef word, bly in die geval van geboue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Komitee gevra word om die opening in die Komitee se straatrol te versêl.

8. Where any change, other than a change as referred to in paragraph 7, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different head of charge in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account already rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule will be entertained by the Committee unless notice, in writing, of the change is given to the Committee within 30 days of the date of its occurrence.

9. In the case of premises or places connected to the Committee's sewerage system and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule the charge to be imposed by the Committee shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible with the provision of this Schedule.

10. The owner of premises situated outside the jurisdiction of the Committee which are connected to the Committee's sewer directly shall be liable to pay all the charges set out or referred to in this Schedule, and, in addition, a surcharge of twenty-five per cent (25%) thereon.

## PART II.

NIL."

2. By the addition of the following after Part III of Schedule B:—

## "PART IV.

### INDUSTRIAL EFFLUENTS.

The following rules shall be applicable for the purposes of sub-regulation (1) of regulation 22 in connection with and for the determination of charges, including all charges referred to in paragraph 10 of Part I of this Schedule, payable for the conveyance and treatment of industrial effluents:—

1. The owner or occupier of premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidental thereto, any effluent is discharged into the Committee's sewer shall, in addition to any other charges for which he may be liable in terms of this Schedule, pay to the Committee an industrial effluent charge which shall be calculated—

- (a) on the quantity of water consumed during the half-year forming the period of charge; and
- (b) in accordance with the following formula:—

Charge in cents per 1,000 gal. =  $\frac{5}{6} (5 + 0.02 \times OA)$  where OA is the arithmetic average of the loading (determined as specified in paragraph 3) of not less than four grab samples of effluent taken at any time during the half-year: Provided that the Committee may in its sole discretion in any given case impose the minimum charge prescribed by paragraph 8 without taking any samples of the effluent.

2. Whenever a sample is taken by the Committee in terms of paragraph 1, one half thereof shall, on his request, be made available to the owner or occupier of the premises.

3. The loading referred to in paragraph 1 shall be determined by reference to the oxygen absorbed in four hours from acidic  $\frac{N}{80}$  potassium permanganate and on an aliquot part of a well-shaken sample in accordance with the methods of chemical analysis as applied to sewage and sewage effluents as set out in Schedule D to these regulations.

4. In the absence of any direct measurement the quantity of industrial effluent discharged during a half-year shall be determined by the Committee according to the quantity of water consumed on the premises during that period, and in the determination of that quantity deduction shall be

8. Ingeval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos dié waarna daar in paragraaf 7 verwys word, plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel, en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, sal die Komitee geen eis vir die verandering van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van geld wat betaal is ingevolge hierdie Bylae, oorweeg nie, tensy die Komitee binne 30 dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

9. In die geval van persele of plekke wat met die Komitee se straatrooilstelsel verbind is, en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld wat die Komitee vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so naas moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

10. Die eienaar van 'n perseel wat buite die regsgebied van die Komitee geleë is en regstreeks met 'n straatrooil van die Komitee verbind is, moet al die geld wat in hierdie Bylae uiteengesit of aangegee word, benewens 'n toeslag van vyf-en-twintig persent (25%) daarop, betaal.

## DEEL II.

NUL."

2. Deur die volgende na Deel III van Bylae B toe te voeg:—

## "DEEL IV.

### FABRIEKSLUITVLOEISEL.

Onderstaande reëls geld vir die toepassing van sub-regulasie (1) van regulasie 22 in verband met en vir die berekening van die geld, met inbegrip van al die geld waarnaar in paragraaf 10 van Deel I van hierdie Bylae verwys word, wat vir die wegvoer en behandeling van fabrieksluitvloeisel betaalbaar is:—

1. Die eienaar of okkuperde van persele waarop daar 'n bedryf of nywerheid uitgeoefen word en waaraan daar, ten gevolge van so 'n bedryf of nywerheid of van 'n proses wat daarmee gepaard gaan, uitvloeisel in die Komitee se straatrooil ontsla word, moet, benewens die ander geld waarvoor hy ingevolge hierdie Bylae, aanspreeklik is, aan die Komitee 'n fabrieksluitvloeiselgeld betaal wat bereken word—

(a) volgens die hoeveelheid water wat gedurende die halfjaar waaroor die geld gehef word, verbruik is; en

(b) ooreenkomsdig die volgende formule:—

Bedrag in sent per 1,000 gall. =  $\frac{5}{6} (5 + 0.02 \times OA)$ , waar OA die rekenkundige gemiddelde is van die belasting (vasgestel ooreenkomsdig paragraaf 3) van minstens vier blinde monsters van uitvloeisel wat te eniger tyd gedurende die halfjaar geneem is: Met dien verstande dat die Komitee in 'n gegeue geval volkome na goed-dunke die minimum bedrag wat by paragraaf 8 voorgeskrif word, kan hef sonder om die uitvloeisel te bemonster.

2. Wanneer die Komitee 'n monster ingevolge paragraaf 1 neem, moet die helfte daarvan, indien hy dit versoek, aan die eienaar of okkuperde van die perseel beskikbaar gestel word.

3. Die belasting waarna daar in paragraaf 1 verwys word, word volgens die skeikundige metodes waarvolgens rioolvuil en riooluitvloeisel ontleed word, soos dit in Bylae D by hierdie regulasies omskryf word, bepaal ooreenkomsdig die hoeveelheid suurstof wat 'n deelvolume van 'n goed gemengde monster in vier uur uit 'n aangesuurde  $\frac{N}{80}$  kaliumpermanganaatoplossing absorbeer.

4. Indien daar geen regstreekse afmeting plaasvind nie, bepaal die Komitee die hoeveelheid fabrieksluitvloeisel wat gedurende 'n halfjaar ontsla is, aan die hand van die hoeveelheid water wat gedurende die halfjaar op die perseel verbruik is, en by die bepaling van dié hoeveelheid

made of the water used on the premises for domestic purposes, lost to the atmosphere during the process of manufacture or present in the final product.

5. Unless the Committee shall in any particular case agree otherwise in writing with an owner or occupier, charges prescribed by this Schedule shall be levied in respect of half-years beginning on 1st July and 1st January: Provided that—

- (i) where the last monthly meter reading relating to a half-yearly charging period is taken before the end of that period the remaining part of the period shall be deemed to belong for charging purposes to the next succeeding half-yearly charging period;
- (ii) where the last monthly meter reading relating to the half-yearly charging period is taken after the end of that period that part of the succeeding period which has elapsed when the reading is taken shall be deemed to form part of the charging period to which the reading relates; and
- (iii) where the discharge of effluent to the sewer begins during a half-year as aforesaid the charge made in respect of that half-year shall be calculated as from the said date.

6. If a meter whereby the quantity of water consumed on the premises is measured is proved defective the appropriate adjustment shall be made to the quantity of industrial effluent discharged when calculated as prescribed by paragraph 4.

7. (1) Where industrial effluent is discharged into the sewer from more points than one, whether on the same floor or on different floors of premises, the Committee may in its discretion for all the purposes of making a charge in terms of this Schedule, including the taking of test samples, treat each such point of discharge as a separate point for the discharge of industrial effluent into the sewer.

(2) For the purpose of calculating, as prescribed by paragraph 4, the quantity of effluent discharged from each point of discharge as aforesaid the total water consumed on the premises shall be allocated as accurately as is reasonably practicable, after consultation between the engineer and the occupier, among the several points of discharge.

8. The minimum charge for the discharge of industrial effluent into the sewer shall be either—

- (i) 5c per 1,000 gallons; or
  - (ii) R2 for the half year;
- whichever is the greater.

## PART V.

### PRIVATE SWIMMING BATHS.

The following charges shall be payable in respect of swimming baths according to their capacity as specified below:—

	Per Half- year. R
Up to 25,000 gallons.....	1.50
Over 25,000 up to 50,000 gallons.....	3.00
Over 50,000 gallons up to 100,000 gallons.....	6.00
Over 100,000 gallons.....	9.50

## PART VI.

### WASTE-FOOD DISPOSAL UNITS.

	Per Half- year. R
For each waste-food disposal unit or garbage grinder the installation of which has been permitted in terms of regulation 68,.....	8.00

For each waste-food disposal unit or garbage grinder the installation of which has been permitted in terms of regulation 68,.....

word die water wat vir huishoudelike doeleindes op die perseel verbruik is, wat tydens die vervaardigingsprosesse verdamp het, of in die eindprodukte aanwesig is, afgetrek.

5. Tensy die Komitee in 'n bepaalde geval anders met 'n eienaar of okkuperdeer skriftelik ooreenkom, word die geldie wat by hierdie Bylae voorgeskryf word, gehef ten opsigte van die halfjaarlikse tydperke wat op 1 Julie en 1 Januarie begin: Met dien verstande dat—

- (i) waar die laaste maandelikse meteraflesing betrekende 'n halfjaarlikse heffingstydperk voor die einde van dié tydperk plaasvind, die res van dié tydperk vir heffingsdoeleindes as deel van die daaropvolgende halfjaarlikse heffingstydperk beskou word;
- (ii) waar die laaste maandelikse meteraflesing betrekende die halfjaarlikse heffingstydperk na die einde van dié tydperk plaasvind, dié gedeelte van die daaropvolgende tydperk wat reeds verstryk was toe die meteraflesing plaasgevind het, as deel van die heffingstydperk waarop die aflesing betrekking het, beskou word; en
- (iii) waar die ontlasting van uityvloeisel in 'n straatrooil op 'n datum gedurende 'n halfjaar, soos voornoem, begin, die geld ten opsigte van dié halfjaar van genoemde datum af bereken word.

6. Indien daar bewys word dat 'n meter waarmee die hoeveelheid water wat op die perseel verbruik word, afgemeet word, defek is, moet die hoeveelheid fabrieksuitvloeisel wat ontlas is, bereken ooreenkomsdig paragraaf 4; dienooreenkomsdig gewysig word.

7. (1) Waar fabrieksuitvloeisel op meer as een plek in 'n straatrooil ontlas word, hetby op dieselfde verdieping hetby op verskillende verdiepings van 'n perseel, kan die Komitee na goeddunke vir alle doelesindes om 'n bedrag ingevolge hierdie Bylae te kan hef, met inbegrip van die neem van toetsmonsters, iedere sodanige ontlaspolek as 'n afsonderlike plek vir die ontlasting van fabrieksuitvloeisel in die straatrooil beskou.

(2) Met die doel om die hoeveelheid uityvloeisel wat by iedere ontlaspolek, soos voornoem, ontlas word, te kan bereken soos dit by paragraaf 4 voorgeskryf word, word die totale hoeveelheid water wat op die perseel verbruik is, so juis as wat redelikerwys moontlik is, na oorlegpleging tussen die ingenieur en die bewoner, aan die verskillende ontlaspolekke toege wys.

8. Die minimum bedrag wat vir die ontlasting van fabrieksuitvloeisel in die straatrooil gehef word, is of—

- (i) 5c per 1,000 gelling; of
  - (ii) R2 vir die halfjaar;
- watter bedrag ook al die grootste is.

## DEEL V.

### PRIVATE SWEMBADDENS.

Onderstaande geldie is ten opsigte van swembaddens betaalbaar en dit word bereken volgens die inhoudsvermoë daarvan soos dit hieronder uiteengesit word:—

	Per half- jaar. R
Tot 25,000 gelling.....	1.50
Meer as 25,000 tot 50,000 gelling.....	3.00
Meer as 50,000 tot 100,000 gelling.....	6.00
Meer as 100,000 gelling.....	9.50

## DEEL VI.

### TOESTELLE VIR DIE WEGRUIMING VAN AFVALVOEDELSEL.

	Per half- jaar. R
Vir iedere toestel vir die wegruiming van afvalvoedsel of iedere afvalmeul wat kragtens regulasie 68 aangebring is..	8.00

## SCHEDULE C.

## WORK CHARGES.

## TABLE.

	R
(1) Sealing openings [regulation 15 (3)].....	3.00 per connection.
(2) Removing blockages [regulation 18 (5)]—	
(a) On week-days—	
(i) For the first half-hour after the beginning of the work.....	2.00
(ii) For every half-hour of work thereafter.....	1.00
(b) On Sundays and Public Holidays—	
(i) For the first half-hour as aforesaid.....	3.00
(ii) For every half-hour thereafter.....	2.00

1. In terms of regulation 10 the charges set out in the right-hand column of the table shall be payable for work described in the left-hand column thereof which is carried out by the Committee in terms of the regulation specified.

2. The owner of the property on or in respect of which the work referred to in paragraph 1 is carried out shall be liable to the Committee for the charge relating thereto."

T.A.L.G. 5/34/106.

Administrator's Notice No. 247.]

[1 April 1964.

## BENONI MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO LOCATION REGULATIONS.

The Administrator hereby in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, read with section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been approved by him and the Minister of Bantu Administration and Development in terms of sub-section (5) of section *thirty-eight* of the said Act.

Amend the Location Regulations of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice No. 343, dated the 30th April, 1952, as amended, by the deletion of sub-regulation (1) of regulation 11 of Chapter XX and the substitution therefor of the following:

"No person other than a registered occupier of the location who appears to the returning officer to have attained the age of eighteen years and who, during the polling hours fixed for any election, satisfies the returning officer that he is not more than two months in arrear with his rent and any other charges due by him to the Council in terms of the Location Regulations, shall be permitted to vote at such election."

T.A.L.G. 5/61/6.

Administrator's Notice No. 248.]

[1 April 1964.

## CORRECTION NOTICE.

## ESTABLISHMENT OF CONSULTATIVE COMMITTEE FOR THE INDIAN COMMUNITY OF LAUDIUM, IN THE AREA OF JURISDICTION OF THE PRETORIA CITY COUNCIL.

Correct the English text of Chapter I of Administrator's Notice No. 770, dated the 20th November, 1963, as follows:

- (1) By the insertion in sub-regulation (1) of regulation 6 of the word "and" between the words "day" and "at".
- (2) By the insertion in sub-regulation (3) of regulation 6 of the word "any" between the words "at" and "time".
- (3) By the insertion in sub-regulation (7) of regulation 6, of the following words after the word "representative":—

"and to take part in the proceedings but any such representative".

- (4) By the substitution in paragraph (vii) of sub-regulation (1) of regulation 12 for the word "stall" of the word "stalls".

T.A.L.G. 27/3/3.

## BYLAE C.

## GELDE VIR WERK.

## TABEL.

	R
(1) Die verseling van openings [regulasie 15 (3)].....	3.00 per aan-
sluiting.	

- (2) Die oopmaak van verstopte perseelriole [regulasie 18 (5)]:—

## (a) Op weekdae—

- (i) Vir die eerste halfuur nadat met die werk begin is 2.00
- (ii) Vir iedere halfuur wat daarna gwerk word..... 1.00

## (b) Op Sondae en openbare vakansiedae—

- (i) Vir die eerste halfuur, soos voorneem..... 3.00
- (ii) Vir iedere halfuur daarna..... 2.00

1. Die gelde wat in die regterkantse kolom van hierdie tabel uiteengesit word, is ingevolge die bepalings van regulasie 10 betaalbaar vir die werk wat in die linkerkantse kolom daarvan beskryf word en wat die Komitee ingevolge die gemelde regulasie verrig.

2. Die eienaar van die eiendom waarop, of ten opsigte waarvan, die werk waarna daar in paragraaf 1 verwys word, verrig word, is vir die toepaslike geld teenoor die Komitee aanspreeklik."

T.A.L.G. 5/34/106.

Administrateurskennisgewing No. 247.]

[1 April 1964.

## MUNISIPALITEIT BENONI.—WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, gelees met artikel *honderd-en-een* van die *Ordonnansie op Plaaslike Bestuur*, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom en die Minister van Bantoe-administrasie en ontwikkeling goedgekeur is ingevolge die bepalings van subartikel (5) van artikel *agt-en-dertig* van genoemde wet.

Die Lokasieregulasies van die Munisipaliteit Benoni, aangekondig by Administrateurskennisgewing No. 343 van 30 April 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subregulasie (1) van regulasie 11 van Hoofstuk XX te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„Niemand, uitgesonderd 'n geregistreerde bewoner van die lokasie wat vir die kiesbeampte ouer as agtien jaar lyk en wat gedurende die ure wat vir 'n verkiezing vasgestel is, die stemopnemer tevrede stel dat sy huur en enige ander vorderings wat hy aan die Raad verskuldig is, ingevolge die Lokasieregulasies, hoogstens twee maande agterstallig is, sal toegelaat word om by so 'n verkiezing te stem nie.”

T.A.L.G. 5/61/6.

Administrateurskennisgewing No. 248.]

[1 April 1964.

## KENNISGEWING VAN VERBETERING.

## INSTELLING VAN RAADPLEGENDE KOMITEE VIR DIE INDIËRGEMEENSKAP VAN LAUDIUM, IN DIE REGSGEBIED VAN DIE STADSRAAD VAN PRETORIA.

Die Engelse teks van Hoofstuk I van Administrateurskennisgewing No. 770 van 20 November 1963 word hierby soos volg verbeter:

- (1) Deur in subregulasie (1) van regulasie 6 die woord „and" tussen die woorde „day" en „at" in te voeg.
- (2) Deur in subregulasie (3) van regulasie 6 die woord „any" tussen die woorde „at" en „time" in te voeg.
- (3) Deur in subregulasie (7) van regulasie 6 die volgende woorde na die woorde „representative" in te voeg:—

„and to take part in the proceedings but any such representative”.

- (4) Deur in paragraaf (vii) van subregulasie (1) van regulasie 12 die woorde „stall," te vervang deur die woorde „stalls".

T.A.L.G. 27/3/3.

Administrator's Notice No. 249.]

[1 April 1964.

**CANCELLATION OF OUTSPAN SERVITUDE  
WATERFALL No. 531—J.T., DISTRICT OF BARBERTON.**

With reference to Administrator's Notice No. 780 of the 7th November, 1962, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve the cancellation of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 1,255 morgen 591 square roods, to which the consolidated farm Waterfall No. 531—J.T., District Barberton, is subject.

D.P. 04-044-37/3/W-25.

Administrator's Notice No. 250.]

[1 April 1964.

**CANCELLATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON  
THE FARM KAMEELPAN No. 148—H.O., DISTRICT OF WOLMARANSSTAD.**

With reference to Administrator's Notice No. 766 of the 13th November, 1963, it is hereby notified for general information that the Administrator, is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of sub-section (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve the cancellation of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 837 morgen 33 square roods, to which the remaining extent of the farm Kameelpan No. 148—H.O., District of Wolmaransstad, is subject.

D.P. 07-074-37/3/K.20.

Administrator's Notice No. 251.]

[1 April 1964.

**PROPOSED CANCELLATION OF SURVEYED OUT-  
SPAN SERVITUDE ON THE FARM ZANDFONTEIN No. 447—J.Q., DISTRICT OF BRITS.**

